# Christus

## VOOR OOR IN Alles

KOLOSSENSE 1:15-29

# Kolossense

- Gestig deur Epafras (1:17, 4:12)
- Skryf uit die tronk (4:3,10,18)
- Weerlê vreemde leringe:
  - teorieë & argumente (2:8,20)
  - Joodse voorskrifte (2:16,20-21)
  - aanbidding van engele (2:18)

# Kolossense 2:8-10

8 Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer
deur teorieë en argumente wat misleidend is
nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering
van mense, op wettiese godsdienstige reëls en
nie op Christus nie. 9 In Hom is die volle wese
van God beliggaam, 10 en in verbondenheid
met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof
oor elke mag en gesag.

15 Die Seun is die beeld van God, van God wat self
nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste,
verhewe bo die hele skepping.
16 God het deur Hom alles geskep wat in die hemel
en op die aarde is: alles wat gesien kan word
en alles wat nie gesien kan word nie, konings,
heersers, maghebbers, gesagvoerders.
Alles is deur Hom en vir Hom geskep.
17 Voor alles was Hy al daar,
en deur Hom bly alles in stand.

*Kolossense 1:15-29*

# Christus

- Skepper – verhewe bo alles

[18] Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk.
Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die
Een wat uit die dood opgestaan het,
sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.
[19] God het besluit om met sy volle wese in Hom te
woon [20] en om deur Hom alles met Homself te
versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis
het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op
die aarde en in die hemel met Homself versoen.

*Kolossense 1:15-29*

# Christus

- Skepper – verhewe bo alles
- Herskepper – sit alles weer op regte plek

21 Ook julle was voorheen ver van God af en
vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit
julle sondige lewenswyse. 22 Maar nou het Hy
ook julle met Homself versoen deurdat sy
Seun as mens gesterwe het om julle heilig,
sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.

*Kolossense 1:15-29*

23 Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in
die geloof en julle nie laat losruk van die hoop
wat in julle gewek is deur die evangelie wat
julle gehoor het nie. Dit is die evangelie wat
aan al die mense op die aarde verkondig is en
waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

*Kolossense 1:15-29*

# Christus

- Skepper – verhewe bo alles
- Herskepper – sit alles weer op regte plek
- Ankerpunt – bron van geloof en hoop

24Ek is nou bly oor al die lyding wat ek ter wille
van julle moet verduur, want die vervolging
van Christus het nog nie geëindig nie. Ek
verduur my deel daarvan ter wille van sy
liggaam, die kerk, 25waarvan ek 'n dienaar
geword het volgens die opdrag wat God my
gegee het om sy woord ten volle aan julle
bekend te maak.

*Kolossense 1:15-29*

26Dit is die geheimenis wat eeue en geslagte
lank verborge was, maar wat nou
geopenbaar is aan die mense wat aan Hom
behoort. 27God het besluit om aan hulle
bekend te maak hoe seënryk en heerlik
hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud
daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop
op die heerlikheid.

*Kolossense 1:15-29*

# Christus

- Skepper – verhewe bo alles
- Herskepper – sit alles weer op regte plek
- Ankerpunt – bron van geloof en hoop
- Die Geheim – REEDS bekend gemaak

28Hóm verkondig ons deurdat ons alle mense
met alle moontlike wysheid onderrig en leer,
sodat ons elke mens tot geestelike
volwassenheid in Christus kan bring.
29Daarvoor span ek my ook in en beywer ek
my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in
my werk.

*Kolossense 1:15-29*

# Christus

## VOOR OOR IN Alles

KOLOSSENSE 1:15-29